Evangelisasie & Sending

Hierdie diensaksie behartig evangelisasie en sending binne en buite die gemeente soos bv. ‘n wêreldwye internetbediening, betrokkenheid en ondersteuning van die VGK Gemeente in Kwa-Dukuza asook ‘n Bybelstudiegroep “Simunye ku Jesu” vir huis- en tuinwekers van die omgewing op ‘n Saterdagoggend om 11:30 by die kerk.

Ons samel fondse in deur gospelsangers te nooi en op dié wyse gemeentelede bymekaar te bring en met die inkomste wat gegenereer word, donasies te maak aan o.a. Geopende Deure, Japansending, Haven of Rest in Tongaat en Bybelverspreiding. Ons ondersteun ook een van ons lidmate, Sarie de Jager, wat voltyds vir die Masedoniëprojek werk.

Ons nooi ook sprekers uit om inligting aan ons gemeente oor te dra soos van Geopende Deure en raak op dié manier betrokke by die Vervolgde kerk in die 10/40 venster.

Ons is ook baie betrokke by gebed in ons gemeente en bid voor elke erediens saam in die konsistorie. In tye van krisis gebruik ons SMSe om ‘n gebedsketting te vorm en vir ‘n spesifieke saak of person te bid.

Onlangs was ons baie bevoorreg om vir Bennie Mostert van Jerigo Mure oor ‘n naweek in ons gemeente te kon verwelkom vir ‘n gebedsnaweek. Ons prys die Here vir sulke geleenthede om weer opgeskerp te word en daarvan bewus gemaak word dat elke lidmaat ‘n voorbidder is.

Met ‘n uitreik na Egipte gedurende April 2011 was Petro bevoorreg om dit te kon meemaak en sodoende eerstehandse inligting kon oordra i.v.m. die vervolging van Christene in daardie land. Met ons besoek aan gemeentes kon ons aan hulle die Audibybel, wat met sonkrag werk, oorhandig in hulle eie taal.

Die volledige Bybel kan gehoor word met die druk van ‘n knoppie. Ons bid vir donasies om meer sulke spelers aan Egipte te kan stuur deur van die Masedoniëprojek gebruik te maak. Sarie de Jager, wat ook by die aksie betrokke is, reel ook uitreike na ander lande soos Turkye.

SOLI DEO GLORIA!

Alle eer aan die Here vir sukses met uitreike en werk in Sy koninkryk in Noordkus gemeente.